

Wouter se droom

Pêrelina, die seeperdjie swem verwoed. Jy sien net 'n skuimstreep agter haar. Sy is baie kwaad en ongelukkig. Sy is op pad na Melindie die meermin.

“Genade Pêrelina, jy is darem vreeslik haastig. Waarheen is jy op pad?” vra Melindie toe die seeperdjie haar amper onderstebo swem.

Pêrelina is so kwaad, haar stertjie kap-kap en swaai heen en weer en sy beduie woes met haar vinne.

“Vanoggend het 'n mense-seuntjie papier, plastiekbakkies en stukkies vislyn reg bokant my grothuisie in die water gegooi. Pêrelina, die klein klits moet leer dat hy onder-die-water-diertjies en vissies se lewens in gevaar stel met die rommel wat hy in die see gooi.”

“Kalmeer Pêrelina, raak nou rustig, dan vertel ek jou wat ons kan doen. Jy weet mos ek weet alles wat mensekinders doen en ek kan hulle drome laat droom,” paai Melindie vir Pêrelina.

Melindie fluister in Pêrelina se oortjie en sy giggel tevrede, sy het geweet dat haar meerminmaatjie 'n goeie plan sal maak.

Wouter is moeg van die dag se speel in die son.

“Nag Mamma en Pappa, ek is nou baie vaak en gaan nou slaap. Môreoggend gaan ek weer vroeg strand toe.” Wouter sleep-sleep sy voetjies kamer toe, hy is lekker moeg en klim vinnig in sy bed. Dit was nie lank nie of Wouter is in droomland.

Wouter swem rustig in die water, maar ewe skielik trek iets aan sy bene en hy sak al dieper in die see af en af. Hy begin wild spartel en skop.

Daar is niemand om hom te help nie en skielik voel hy nie meer bang nie.

“Sjoe, dit is mooi onder die water, kyk net al die pragtige gekleurde vissies en die seegras,” praat Wouter met homself, verbaas dat hy onder die water kan asemhaal en praat.

Skielik staan hy op die bodem van die see, doodstil. `n Klein entjie van hom af is daar `n klomp klein seeperdjies wat spartel en gil, maar daar is niemand om hulle te help nie. Hulle is verstrengel in rommel, oor hulle koppe is plastiekbekertjies, om party se nekke is vislyn gedraai, hulle is besig om dood te gaan.

Vinnig met bene en arms wat wild swaai, swem Wouter nader. Hy skrik vreeslik groot toe hy sien dat dit die rommel is wat hy alles die oggend in die see gegooi het.

Woes probeer hy die seeperdjies help, maar skielik verskyn daar `n groot haai en hy storm op Wouter af.

Die haai kom al nader en Wouter raak benoud, hy kan nie asemhaal nie, dit voel of hy gaan versmoor.

“Help my!” gil Wouter.

Hy skrik verskrik wakker en besef dat dit net 'n droom was. Hy lê op die grond met sy lakens om sy nek van al die gewoel.

Sy hartjie klop woens in sy bors.

“Dit was darem pragtig onder die see, so skoon en daar woon die mooiste vissies. Ek sal nooit ooit weer rommel in die see gooi nie, ek is vreeslik, vreeslik jammer, ” fluister hy saggies. Hy hoop die seeperdjies kon hom hoor.

(geskryf deur Estelle Duvenhage)